

Woensdag 13 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 7:1-10

Fokusgedeelte: Hebreërs 7:4

Ons gee vrymoedig aan Christus, die Oorwinnaar-koning

Daar is seker niemand in die Bybel wat so in misterie gehul is as Melgisedek, die priester-koning van Salem, nie. 'n Enkele historiese vermelding van hom in Genesis 14 en poëties in Psalm 110. Die meeste detail wat ons van hom lees, is hier in Hebreërs 7.

Dat Melgisedek 'n Ou-Testamentiese tipe van Christus is, staan vas. Die skrywer van die Hebreërbrief wys reeds in 5:10 dat Christus Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek is en nie volgens die afstamming volgens Aäron nie. Alhoewel Christus Hoëpriesterlik vir ons intree tot die vergewing van ons sonde, doen Hy dit nie as 'n afstammeling uit die Levitiese priesterordes nie, maar as Middelaar deur die Vader gestuur.

Die grootsheid van Melgisedek in die openbaringsgeskiedenis word deur die Hebreërskrywer met die voorbeeld van die tiende beklemtoon. Ná die oorwinning oor Kedor-Laomer (Gen. 14) het Melgisedek gekom en Abram geseën, waar Abram reageer deur 'n tiende van die buit aan Melgisedek te gee. Hierdie daad van Abram getuig van diepe dankbaarheid vir die oorwinning wat die Here gegee het. Hy was onder geen wetlike verpligting om dit te doen nie, maar steeds gee hy die beste van die buit. Die Heilige Gees bevestig hiermee dat Melgisedek groter is as die priesters wat uit die geslag van Levi en Aäron sal voortkom. Abram wat soveel seëninge ontvang het, het niks teruggehou om sy dankbaarheid aan Melgisedek, sy meerdere, te betoon nie.

Die wet het later wel elke Israeliet verplig om 'n tiende deel te gee, ter wille van die Leviete en die priesters, maar in die Nuwe Testament word die verpligting opgehef. Dit beteken egter nie dat ons gawe aan die Here 'n opsie is, of dat dit deur ons gevoel bepaal word nie. Net soos die priesterskap van Melgisedek 'n tipe van Christus se Priesterskap is, is Abram se optrede 'n tipe van ons dankbare, vrymoedige verantwoordelikheid. Die tipe is nie die tiende wat gegee word nie, maar die gesindheid van vrymoedigheid waarmee die beste deel gegee word.

Christus is die Oorwinnaar-Koning wat die stryd teen die gevolge van ons sonde gestry en gewen het, daarom kan ons nou in die kerk en deur ons lewe die beste deel tot diens en eer aan die Here gee. So stel ons selfs ons liggame as heilige en aan God welgevallige offer (Rom. 12:1-2).

Sing: Psalm 50-1:1, 11

Ds. C Jooste (Christiaan) (Waterberg)